# Klaskamers sonder mure

VERKEN - ONTDEK - LEER - LIEFDE

## Waar woon vlermuise



### Les 3

**Wat ons hierdie week gaan leer:**

- Wat 'n slaapplek is
- Tipes vlermuis slaapplekke
- Wanneer vlermuise verskillende slaapplekke gebruik
- Wat soek 'n vlermuis van 'n huis

Hallo weer vriende, dis Spike hier.

In hierdie les wil ek met jou praat oor waar ek en my vlermuisvriende woon. Kan jy raai? Het jy dalk al 'n vlermuis sien bly iewers naby jou huis? Waar was dit? In 'n boom? 'n Grot? 'n Gebou? Was die vlermuise wakker? Was hulle alleen? Was hulle onderstebo? Kom ons vind uit!

As jy hierdie simbool sien:

⚠

jy het dalk hulp van 'n volwassene nodig.

Moenie vergeet nie, die potloodsimbool beteken dat dit jou beurt is om 'n aktiwiteit te doen!

Ons het al die **nuwe woorde** in die woordelys aan die einde ingesluit!

**Jy benodig :**

- Kleurpotlode
- Skêr
- Kleefband
- Tou

## 1 Wat is 'n slaapplek?



'n **Slaapplek** is wat ons 'n vlermuis se huis noem, dit is waar 'n vlermuis woon en rus. (Voëls het neste, vlermuise het slaapplekke.) Almal weet vlermuise vlieg in die nag, en slaap in die dag, so om 'n goeie dag se slaap te kry, het ons 'n huis nodig wat donker, stil en veilig is.



Ons het ook 'n goeie jagveld nodig – iewers om baie lekker kos te kry. Vlermuise kan enige plek jag waar hulle kos kry, dit kan 'n woud, 'n veld, in 'n dorpie of langs 'n rivier kan wees ... waar anders kan 'n vlermuis smaaklike insekte of lekker vrugte vind om te eet?




Net soos julle mense wat graag plaaslik inkopies doen, hou ons vlermuise daarvan as ons jagveld nie te ver van ons slaapplek af is nie. Ons het ook 'n veilige manier nodig om daar te kom!


**Om dus op te som, vlermuise het drie dinge nodig om 'n gesonde lewe te lei:**

1. **'n Veilige plek om te bly en skuiling te vind (ons slaapplek!)**
2. **Baie kos**
3. **'n Veilige manier om te beweeg tussen ons slaapplek en waar ons eet**




Bats without Borders.org

**Sien, ons is nie so verskillend nie, ek en jy!**




**Aktiwiteit 1:**
**Kan jy hierdie doolhof voltooi en die vlermuis help om by sy slaapplek te uit te kom?**

begin
hier !



Help my om by
die huis te kom!



Bats without Borders.org

# 2 Verskillende tipes vlermuis slaapplekke

**Vlermuise kan op 'n wye verskeidenheid plekke bly!**
**Verskillende spesies verkies verskillende huise.**



Sommige vlermuise hou daarvan om in grotte te slaap, onderstebo van die plafon af. My vriendin Adelyn, wat 'n gestreepte bladneusvlermuis is, bly in 'n grot

Ons groepeer dikwels in "**kolonies**", soms in groepe van duisende! Vlermuise hou van geselskap en ons bly dikwels naby die res van ons gesin.
Ander vlermuise, het wat gewoond geraak het om naby mense te bly, bly in geboue.



Nyenyezi is 'n Mauritiaanse witlyfvlermuis en woon in **grafte**, maar sal ook in **grotte** of **geboue** woon. Miskien het jy 'n vlermuis in 'n huis gesien? In die somer is solders lekker warm, perfek om vlermuisbabas groot te maak. Jy kan vlermuise onder dakteëls, in die gate tussen bakstene of selfs in jou motorhuis of kelder kry. Die kleinste vlermuise, soos die piepklein pipistrelle, kan in 'n spasie pas so groot soos ons pinkie! Vlermuise trek dikwels in ou leë skure of geboue in ... of selfs ou tonnels ... (as niemand dit gebruik nie, hoekom nie?)

Sommige vlermuise hou daarvan om net in **bome** te slaap, soos voëls!
Logan en sy ma Bongi is Botswana langoorvlermuise en woon in 'n holte in 'n boomstam.




Bats without Borders.org



Sommige klein spesies slaap in gate wat deur voëls soos houtkappers gemaak word of onder los  boom bas.

In warmer weerstoestande soos in Suider-Afrika hang groter vlermuise soos Eidolon (die strooikleurige vrugtevlermuis) onderstebo aan die takke. As jy gelukkig is, kan jy hulle helder oordag aan die takke sien hang! Bonus vir vrugtevlermuise: slaapplekke kan ook dien as restaurante as die boom waarin hulle slaap, toevallig 'n sappige mangoboom is!





Dan is daar al die plekke waaraan mense dalk nie dink nie, maar vlermuise wel, soos die binnekant van bamboesriete en termiethope! Een van my vriende is 'n Piesang-pipistrelle, kan jy raai waar hy slaap?...Nee, nie tussen die piesangs nie, maar in die pyp wat gemaak is deur die opgerolde blare van die piesangbome!

**Soms word vlermuise ook op vreemde plekke soos teepotte en baadjies gevind, maar dit is nie wat ons as 'n tipiese slaapplek sou gebruik nie.**




**HET JY GEWEET?**

**Het jy geweet? Anders as voëls kan vlermuise nie iets bou nie!
Hulle maak nie neste of gate nie.
Hulle trek altyd voordeel uit strukture of gate wat reeds bestaan. Moet dus nie bekommerd wees oor vlermuise wat hout of jou dak vernietig nie!**




**Aktiwiteit 2:**
**In watter van hierdie plekke dink jy bly vlermuise?**
**Maak 'n regmerkie in die blokkies langs die regte antwoorde**

**Jou beurt!**



**Piesangblare** ☐




**Motors** ☐




**Bome** ☐



**Brûe** ☐




**Grotte** ☐




**Huise** ☐



**In die see** ☐



**In 'n vlermuisboks** ☐



**Myne** ☐



**In jou bed** ☐



Bats without Borders.org

# 3 Verskillende behoeftes op verskillende tye

Vlermuise kan verskillende behoeftes hê op verskillende tye van die jaar (en ook gedurende 'n seisoen of selfs gedurende 'n dag). Sommige soorte vlermuise, wanneer hulle dragtig is, hou daarvan om in slaapplekke te kruip om warm te bly. Sodra die babas gebore word, het hulle 'n lekker warm slaapplek nodig om ook warm te bly terwyl mamma weg is om kos te soek. Hierdie tipe slaapplekke word **kraamplekke** genoem en dit is waar baie vlermuise en hul babas saam woon.






In kouer klimate, waar wintertemperature beteken dit is te koud om te vlieg en daar is nie genoeg kos nie, sal sommige vlermuise **hiberneer**. Dit beteken dat hul asemhaling en hartklop stadiger word en hulle slaap die hele winter. Hiervoor het hulle iewers koel en stil nodig. Watter ander diere ken jy wat hiberneer?

Ander vlermuise sal na 'n heeltemal nuwe area beweeg waar die weer warmer is en daar baie meer kos is om te eet. Dit word migrasie genoem. Het jy geweet dat die grootste soogdiermigrasie in die wêreld elke jaar plaasvind? 10 miljoen strooikleurige vrugtevlermuise, soos Eidolon, vlieg saam Zambië toe om aan die mangobome te vreet.




In Suider-Afrika is daar min bekend oor of sommige vlermuise hiberneer of nie. Maar wetenskaplikes dink dat sommige van hulle in die droë seisoen in "torpor" gaan wanneer daar minder kos is en die nagte kouer is. Dit beteken dat hulle meer slaap, maar nie so diep soos tydens winterslaap nie.

**Ongelukkig is een van die grootste probleme waarmee vlermuise te doen het, om hul huise en jagvelde te verloor (wetenskaplikes noem dit "habitatvernietiging"). Ons het vlermuis vriende nodig om ons te beskerm en namens ons te praat. Ons het julle hulp nodig om die plekke wat ons as huis gebruik, en die plekke waar ons ons kos kry, te bewaar**

Bats without Borders.org

Jou beurt!

## Aktiwiteit 3: Maak 'n huis vir vlermuise!

**Knip hierdie prentjie van Spike uit en kleur hom in!**
**Kry 'n plek om jou vlermuis op te hang – dit kan in jou slaapkamer, buite in 'n boom, in jou motorhuis of 'n stoep wees. Dalk kan jy 'n stuk tou span en 'n paar vlermuise daaraan ophang? Vat sommer hierdie les skool toe en laat almal in jou klas 'n vlermuis maak – stel jou voor hoe wonderlik die plafon van jou klaskamer sal lyk!**
**Gebruik 'n klein bietjie kleefband om jou vlermuis op te hang.**



**Versier jou vlermuis slaapplek - wat van 'n paar kamstige spinnerakke om op te hang of teken iets vir die vlermuis om te eet! Pas jou vlermuis(e) en nuwe vlermuis slaapplek mooi op!**

# Woordelys

## (Woorde wat ons vandag geleer het!)

**Kolonie** - 'n groep vlermuise wat almal saam woon.

**Hibernasie** - wanneer sommige diere (insluitend sommige vlermuise) het lang periodes van diep slaap tydens koue weer.

**Kraamplek** - 'n plek waar vlermuiswyfies bymekaarkom om geboorte te gee en hul kleintjies groot te maak.

**Slaapplek** - 'n vlermuis se huis - daar is baie verskillende soorte.



Ek hoop jy het baie geleer vandag!
Sien jou volgende week om alles te leer
oor wat vlermuise eet!